



Hoërskool *Jim Fouche*



VOLUME 23

SEDERT 1959

*

SAAI OM TE OES

28 AUG 2026



AUG

SEP

MELODRAMA

28

SPORT EN
KULTUURDINEE.

4

19

VAT VLAM

Volg JF
SOSIALE
MEDIA

op Facebook @JFamptelik

op TikTok @jfamptelik

op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

2026 Augustus

MAANDAG	DINSdag	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG	SONDAG
17  	18	19  JF FJ	20 graad 11 Potch Kamp	21 Matriekbederf / laaste dag.	22 graad 11 Potch Kamp	23 graad 11 Potch Kamp
24 GR 12: Rekorderksamen begin 	25	26 JF FJ	27 	28 Sport en kultuur dinee.	29	30
31 GR 12: Nasionale eksamen (LO)	1	2	3 Melodrama	4 Cansadag	5 Sentraal 7's	12 Sep JF-Fast 5 en 7's toernooi.

2026 September

GRAAD 8 – 11 SEPTEMBER 2026

DATUM	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10		GRAAD 11	
			Oggend	Middag	Oggend	Middag
Maandag 7 September	NORMALE SKOOL					
Dinsdag 8 September						
Woensdag 9 September						
Donderdag 10 September	SW Gesk (1)	NW Materie (1)	Toer (2)		RTT Prakties (2)	
Vrydag 11 September	Wisk (2)	Afr (1½)	RTT Prakties (2)	Eng (2)	LWet (2½)	
Maandag 14 September	NW Lewe (1)	Wisk (2)	LWet (2½)		Fis Wet (3) Vis Kuns (3) Best (2)	
Dinsdag 15 September	Eng (1)	SW Gesk (1)	Rek (2) Gesk (2)		IGO (2)	Afr (2)
Woensdag 16 September	NW Materie (1)	Teg (1)	Wisk (3) Wisk G (2)		Toer (2½) Musiek (3)	
Donderdag 17 September	SW Geo (1)	EBW (1½)	Drama (2) Geo (2) VBS (2)		Rek (2)	
Vrydag 18 September	EBW (1½)	NW Lewe (1)	Best (2) Musiek (3)	Afr (2½)	Geo (2) VBS (2½)	Eng (2)
Maandag 21 September	Afr (1½)	SW Geo (1)	Fis Wet (3)	Vis Kuns (3)	Wisk (3) Wisk G (2)	
Dinsdag 22 September	Teg (1)	Eng (1)	IGO (2)		Drama (2)	
Woensdag 23 September	SKOLE SLUIT					

Sterkte!

GRAAD 12 – REKORDEKSAMENROOSTER 2026

DATUM	OGGEND	MIDDAG	OPMERKINGS
Dinsdag 18 Augustus		Dramaprakties 17:30 Rekordeksam	
Woensdag 19 Augustus		Eng P2 (2½ uur) Dramaprakties 17:30 Rekordeksam	Normale skool in die oggend JFFJ eie in die da Sport- en Kultuurdinee G12 beweeg 13:00 na kerkzaal.
Donderdag 20 Augustus		Eng P1 (2 uur) Musiek V1 (3 uur)	Normale skool in die oggend Sport- en Kultuurdinee G12 beweeg 13:00 na kerkzaal.
Vrydag 21 Augustus		Dramaprakties eindeksamen 13:00	
Maandag 24 Augustus	RTT Teorie V2 (3 uur)		
Dinsdag 25 Augustus	Eng P1 (2 uur)		
Woensdag 26 Augustus	RTT Prakties V1 (3 uur) IT Prakties V1 (3 uur) Musiek V1 (3 uur)	Musiek V2 (2uur)	
Donderdag 27 Augustus	IGO V1 (3 uur) Drama (3 uur)		
Vrydag 28 Augustus	Rek V1 (2 uur) Verbruikers (3 uur)		Sport- en Kultuurdinee 28/8
Maandag 31 Augustus	Rek V2 (2 uur) Kuns (3 uur)		
Dinsdag 1 September	(DBE) LO (2½uur)		
Woensdag 2 September	IGO V2 (3 uur)		
Donderdag 3 September	Ekon V1 (2 uur)		
Vrydag 4 September	Wisk V1 (3 uur) Wisk G V1 (3 uur)		Melodrama 04/09
Maandag 7 September	Wisk V2 (3 uur) Wisk G V2 (3 uur)		
Dinsdag 8 September	Toerisme (3 uur)		
Woensdag 9 September		Afrikaans V2 (2½ uur)	
Donderdag 10 September	Ekon V2 (2 uur) Geo V1 (3 uur)		
Vrydag 11 September	Fis Wet V1 (3 uur)	Besigh V1 (2 uur)	
Maandag 14 September	Fis Wet V2 (3 uur)	Besigh V2 (2 uur)	
Dinsdag 15 September	Afrikaans V1 (2 uur)		
Woensdag 16 September	Geo V2 (3 uur)		
Donderdag 17 September	Eng P2 (2½ uur)		
Vrydag 18 September	LWet V1 (2½ uur)		Vat Vlam 19/09
Maandag 21 September	LWet V2 (2½ uur)		
Dinsdag 22 September			

Gr.12 EKSAMEN



4 SEPTEMBER 2026

MELODRAMMA

JF-PERSONEEL

TALLE KUNSTENAARS OP EEN
VERHOOG VIR SLEGS EEN AAND!

GOLDEN CIRCLE: R80

GEWOON: R50

KAARTJIES IS OP DIE KARRI-APP
BESKIKBAAR.



Hoërskool Jim Fouché

BIED AAN



Die Piesangskille

19
SEPT
2026



HOËRSKOOl JIM FOUCHE
SPORTGRONDE

VOLWASSENES: R 150

LEERDERS: R 100

VOORSKOOl: GRATIS

Kaartjies beskikbaar op Karri en

Quicket

- 🔥 Hekke open om 16:30 - Ingang Begonia en Wildeals str.
- 🔥 Talentkompetisie begin om 17:00
- 🔥 Piesangskille begin om 19:00
- 🔥 Braaivleisvure
- 🔥 Piekniekmandjie welkom
- 🔥 Stalletjies beskikbaar vir eet- en drinkgoed
- 🔥 Pretpark vir kinders

KONTAK MERICE

☎ 063 202 6387 ✉ bemarking@jf.co.za

EKSTRA KLASSE

VERPLIGTE KLASSE SLEGS GRAAD 12 (Dit is vir voltooiing van sillabusse)

Vak	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag
Fisiese Wetenskap				06:30 – 07:20 Me. M Smit
Kuns	Prakties g 10-12 14:00 – 15:30 Soos gereël met Me. A Opperman		Prakties g 10-12 14:00 – 15:30 Soos gereël met Me. A Opperman	Prakties g 10-12 14:00 – 15:30 Soos gereël met Me. A Opperman
Lewenswetenskap	13:50 – 14:50 Me. J Laning Me. L Vermeulen	13:50 – 14:50 Me. L Vermeulen Me. J Laning		
Geografie	06:30 – 07:20 Mnr. H Vermeulen			
Wiskunde		06:30 – 07:00 Mnr. H Wilken	06:30 – 07:00 Mnr. H Wilken 14:00 – 15:00 Me. C Wagener Me. J Koekemoer Me. A Nel	

VRYWILLIGE KLASSE VIR EKSTRA HULP (Alle grade)

Vak	Maandag	Dinsdag		Woensdag	Donderdag
Afrikaans	Graad 8 13:45 – 14:30 Me. L Loubser Me. E Delpoit Me. C Smit	Graad 8 13:45 – 14:30 Me. N Buitendag		Graad 9 13:45 – 14:30 Me. L Loubser Me. C Smit	
Fisiese Wetenskap				Graad 11 13:45 – 14:30 Me. M Smit	Graad 12 13:45 – 14:30 Me. M Smit Graad 10 13:45 – 14:30 Me. A. Nel
Lewenswetenskap				Graad 10 13:50 – 14:30 Me. T vd Merwe Me. A van Rooyen	Graad 11 13:50 – 14:30 Me. L Vermeulen
Wiskunde	Graad 8 13:45 - 14:30 Me. A. Nel Graad 9 13:45 – 14:30 Me. N van Staden Graad 11 13:45 – 15:00 Me. M. van Wyk	Graad 8 13:45-14:30 Me. C Olivier Graad 9 13:45 – 14:30 Me. C Wagener Graad 10 13:45 – 14:30 Mnr. J Fourie			
Kuns		14:00 – 15:30 Graad 10 Ekstra vak leerders			
Alpha Wiskunde (Juf Koekemoer)	Graad 12 15:00 – 16:30	Graad 11 14:00 – 15:00 Graad 10 16:00 – 17:00		Graad 9 16:00 – 17:00	
Wiskundige Geletterdheid	Graad 10/11 13:50 – 14:30 Me. N. Jordaan			Graad 12 13:50 – 14:50 Me. N. Jordaan	Graad 10/11 13:50 – 14:30 Me. N van Staden

Finansies:

Skoolfonds 2026:

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en samewerking om die beste moontlike opvoeding vir u kinders te verseker. U skoolfondsbetalings help ons om die gehalte van onderrig, aktiwiteite en hulpbronne by die skool te handhaaf.

Graad 8 – 11:

R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

Graad 12:

R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

Skool se bankbesonderhede:

NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer: 115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansieskantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer. Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Kontroleer asseblief gereeld u staat en bring enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag.

Kontak Christelle Swanepoel vir enige navrae of indien u nie u rekening ontvang nie, by finans@jf.co.za

Kontak Hannelie Maritz rakende agterstallige skoolfonds by skoolfonds@jf.co.za

KARRI:



Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op 'n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek, en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen 'n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

Die volgende insamelings sluit binnekort:

Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za

Kwytskeldings 2026:

Die uitslag van volledig voltooide aansoeke is reeds aangetoon op u staat vanaf 30 April 2026.

Kontak Hannelie Maritz by skoolfonds@jf.co.za indien u wel 'n aansoek terug besorg het en kwytskelding nie op u staat getoon word nie. Let asseblief daarop dat aansoeke om kwytskelding nie hanteer gaan word waar dokumente en inligting uitstaande is nie.

Agterstallige skoolfonds:

Ons herinner u graag aan die volgende:

- **Skoolfonds is stiptelik betaalbaar teen die einde van elke maand vir die betrokke maand.**
- Skoolfonds is 'n statutêre verpligting wat nagekom moet word tensy u as ouer gedeeltelik of ten volle van die betaling van skoolfonds vrygestel (kwytsgekeld) is.
- Beide ouers (getroud, ongetroud of geskei) is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skoolfonds. Beide partye is en bly dus aanspreeklik vir skoolfonds, ongeag enige ooreenkomste aangaan tussen u as ouers.
- Let asseblief daarop dat indien skoolfonds agterstallig raak, word die volle jaar se skoolfonds onmiddellik opeisbaar en betaalbaar. In sodanige geval mag die skool regstappe neem om uitstaande skoolfonds te verhaal.

Die skool het begrip dat onvoorsiene omstandighede/uitdagings soms ontstaan. Ons versoek u egter om pro-aktief en betyds met die skool kontak te maak vóórdat u rekening agterstallig raak. Die skool poog werklik om onnodige en duur regsaksies te vermy en versoek u om direk met die skool 'n redelike en aanvaarbare reëling te tref. U pro-aktiewe optrede help ons om u kind se onderrig te verseker.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlins in die verband by skoolfonds@jf.co.za.

HARDE-KOPIE-SKOOLFONDSREKENINGE:

Ons bring graag onder u aandag dat alle leerders gedurende die derde kwartaal 'n harde kopie van die skoolfondsrekening sal ontvang om aan u as ouer te besorg. Hierdie rekeninge sal in graadverband uitgegee word in 'n geseëde koevert vir u aandag. **Alle ouers sal dus 'n harde-kopie-rekening ontvang ongeag of die rekening op datum is al dan nie.** Let asseblief daarop dat Graad 12 en Graad 8 leerders reeds hul hardekopie rekening ontvang het.

Beskrywing	Sperdatum vir betaling
Matriekafskied 2026: Leerder & Metgesel	31 Augustus 2026
Matriekafskied 2026: Enkelkaartjie	31 Augustus 2026
JF Koskas Donasies	31 Augustus 2026
Geelprojek Donasies	31 Augustus 2026



Geagte Ouers/Voogde

Ons herinner u graag aan die komende DETENSIEDATUMS:

- **Vrydag 28 Augustus**
- **Vrydag 9 Oktober**
- **Vrydag 23 Oktober**

Die detensietye vir Vrydae is steeds soos volg:

- **Leerders meld om 13:50 in die vierkant aan.**
- **Leerders word na klasse vergesel deur onderwysers, waar hul tot 16:00 detensie sit.**
- **Geen selfone, eet, drink of gesels word tydens detensie toegelaat nie.**
- **Slegs akademiese werk word toegelaat.**

Let asseblief:

AKADEMIESE DETENSIE, sowel as GEDRAGSDETENSIE, se naamlyste word minstens 1 week voor die detensiedatums op die kennisgewingbord geplaas.

Dit is LEERDERS SE EIE VERANTWOORDELIKHEID om die kennisgewingbord te besoek en hul ouers in kennis te stel van wanneer hul detensie moet sit.

Leerders mag nie detensie misloop nie. Daar word 500 strafpunte gegee vir afwesigheid van detensie.

Ouers mag die dissiplinehoof per e-pos in kennis stel van noodgevalle wat maak dat leerders nie detensie kan bywoon nie. Slegs geldige verskonings sal aanvaar word. Leerders sal dan wel tydens die volgende detensiedatum moet sit.

Ekstra eksamendetensies word individueel aan spesifieke leerders toegeken tydens eksamens en blokdae. Die naamlyste en datums sal op die kennisgewingbord geplaas word minstens 1 week voor die individuele leerder se eksamendetensie.

**Vir enige navrae, kontak gerus vir mnr Karel van Heerden –
dissipline@jimfouchehs.com of skakel die kantoor by 051 502 1760.**



MA'S WAT OMGEË

"WANT
NIKS
IS
ONMOONTLIK
VIR
GOD
NIE."

LUK. 1:37

Waardes

Dankbaarheids-Donderdag 6 Nader aan God

Vanoggend is vir eers die laaste keer wat ons oor dankbaarheid gesels. Die res van die derde kwartaal fokus ons weer op die ander JF-waardes waarna dankbaarheid weer in kwartaal 4 volg.

Ons leef in 'n tyd waar mense dikwels fokus op wat hulle nog wil hê eerder as om te let op wat hulle reeds ontvang het. Ons raak vinnig gewoond aan seëninge en begeer dan weer iets anders. Dit is belangrik om gereeld stil te staan en te let op die maniere waarop God in ons lewens werk.

As ons terugkyk op die vorige kwartaal en op die vakansie, sal ons talle redes vind om God te dank. Miskien het Hy jou beskerm in 'n situasie waarvan jy nie eens bewus was nie. Vir almal van ons om veilig terug by die skool te wees na die vakansie, is genade en rede tot groot dankbaarheid! God se hand is dikwels meer sigbaar wanneer ons terugkyk as wanneer ons vorentoe kyk.

Dankbaarheid verander ons perspektief. As ons fokus op God se seëninge, verloor negatiewe gedagtes hulle mag oor ons harte. Dit beteken nie dat ons probleme oornag verdwyn nie, maar dit laat ons in vertroue eerder as in vrees leef.

In Psalm 118 vers 24 verklaar Dawid: "Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons daarvoor juig en dankbaar wees!" Dit is elke dag jou eie keuse of jy dankbaar of ondankbaar wil leef. Wat kies jy?

"Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons daarvoor juig en dankbaar wees!"


Hemelse Vader, ons kom erken vandag dat ons nie naastenby dankbaar genoeg is nie. Ons kla soms oor die kleinste dingetjies wat nie na ons sin is nie. Ons kom bely ons ondankbaarheid en vra dat U ons daarvoor sal vergewe. Maak ons dankbare mense, asseblief Here. In U heilige naam vra ons dit.
Amen.

God se hand is dikwels meer sigbaar wanneer ons terugkyk as wanneer ons vorentoe kyk.



UIT DIE KANTOOR VAN DIE

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING



ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

WANNEER 'N "SITUATIONSHIP" JOU WERKLIKHEID WORD.

So... Julle is nie amptelik saam nie. Maar julle praat elke dag. Julle stuur konstant boodskappe vir mekaar en julle weet wat die ander een se gunsteling geur roomys is. Julle raak jaloers as iemand anders aandag kry. Maar as iemand vra: "Is julle twee saam?"

Dan is dit skielik:

Stilte,

Welkom by die "situationship."

'n "Situationship" is basies wanneer julle al die emosies van 'n verhouding ervaar, maar sonder die duidelikheid van een. Julle tree op soos 'n paartjie, maar niemand wil die "So... Wat is ons?"-gesprek hê nie.

En hier begin die probleem...

Jy begin wonder:

- "Kan ek met ander mense praat?"
- "Hoekom het hy/sy my ge-"bluetick"?"
- "Hoekom is ons jaloers as ons nie eers saam is nie?"
- "Mag ek kwaad wees?"
- "Is ek sy/haar persoon... of net WiFi wanneer dit gerieflik is?"

***Julle stuur
konstant
boodskappe
vir mekaar en
julle weet
wat die ander
een se
gunsteling
geur roomys
is.***

Die waarheid is: Jy verdien duidelikheid.

Jy hoef nie jou dae te spandeer om iemand se boodskappe, emojis en “vibes” te probeer “decode” nie. As jy konstant onseker, angstig of hartseer voel, is dit dalk tyd om te vra:

“Wat wil ons eintlik hê?”

En ja... Daardie gesprek kan ongemaklik wees. Maar 'n bietjie ongemak is beter as drie maande se FBI-ondersoek.

'n Gesonde verhouding — of selfs 'n gesonde vriendskap — behoort jou nie konstant te laat wonder waar jy staan nie. So, as jou “situationship” besig is om jou werklikheid te word...

Stop. Skep asem. Praat. Stel grense. Kies jouself. ❤️
Want jy is nie 'n “maybe” nie.

Jy verdien iemand wat dadelik antwoord:
“Ja. Dis jy.”



*Soms
is
'n
gedagte
net...
'n
gedagte.*



#JFbid

Beste ouers,
Kom bid saam vir ons
kinders en ons skool.

Tyd:

Woensdae

07:30 – 08:00

Plek:

JF-Konferensielokaal

VIR NAVRAE, KONTAK GERUS VIR CHRISNA BY 082 445 3477



JF-AKADEMIE

baie geluk

Na afloop van die Vrystaat Skeinat olimpiade is 5 van JF se leerders na die Skeinat konvensie by NWU genooi.



HJ de Villiers



Ruan van Dyk



Natasha de Waal

Behaal 1ste plek in die Vrystaat vir graad 11



Lineé Lubbe



Minette Wessels





JF- AKADEMIE

-vasvra

Kaitlin Luyt, Marla Kruger en Isabella Kruger het aan die Natuurwetenskappe Quiz-distriksfinaal deelgeneem en 'n tweede plek behaal.



ATKV-Uitklop spelkompetisie

Marizé Opperman

Marizé behaal 'n eerste plek by die provinsiale ATKV-Uitklop spelkompetisie in die junior afdeling.



Cara Hoffman

Cara Hoffman het op 21 en 22 Augustus 2026 in Gqeberha aan die KSA League One deelgeneem. Sy het die Vrystaat by hierdie nasionale kompetisie verteenwoordig en 'n goue medalje in junior Kumite verower.



Cara is gekies om van 10 tot 13 September 2026 die Suid-Afrikaanse Karate-span by die UFAK Afrika-kampioenskappe in Algerië te verteenwoordig. Baie geluk!!!

Benedette van Tonder

Benedette het van 12 tot 15 Augustus 2026 aan die *Growthpoint SA Nationals* in Kaapstad deelgeneem.

Na afloop van die toernooi het sy 'n 6de plek in die o. 19-meisiesafdeling in



Henro Loubser

Henro het op 22 Augustus aan die Vrystaat Gimnastiekkompetisie deelgeneem.

Hy behaal die volgende uitslae:

- 1 goue medalje
- 2 silwer medaljes
- 'n Algehele 2de plek

Henro sal van 1-4 Oktober die Vrystaatspan by die Nasionale Gimnastiekkampioenskappe verteenwoordig. Nog 'n besondere prestasie is dat Henro gekwalifiseer het om aan ses dissiplines deel te neem.



Imke Cruywagen

Imke het op 15 Augustus tydens die Vrystaat-finaal by Sentraal Hoërskool haar persoonlike beste op die 10 m-staan-item met 'n telling van 332 verbeter.

Met die puik prestasie het Imke haar plek in die Vrystaat o. 14 B-span losgeskiet.

Die span sal die 28ste September aan die SA Kampioenskappe deelneem.





KULTUUR Dans

*Melenka Loubser &
Lumaé van der Heever*

Melenka en Lumaé het van 20-22 Augustus aan die
Reel Produksies en die ATKV-tak
Gemeenskapsteater se Bloemfontein *Dance*
Eisteddfod deelgeneem.

Melenka:

- *Hip Hop Small Group – A+*
- *Showdance Hip Hop Group – A+*
- *Hip Hop Solo – A+*

Lumaé:

- *Hip-Hop Duo – A+*
- *Hip-Hop Groep – A+*
- *Contemporary Small Group – A++*
- *Contemporary Group – A++*



#trotsJF

Kultuur



KULTUUR Sêr

Bellissima

ATKV-Sêruitslae:

Bellissima het aan die
ATKV-Sêrkompetisie
op 15 Augustus
deelgeneem.

Almal in geheel - Silwer
Musikaliteit - Silwer
Ensemblewerk - Silwer
Tegnies - Goud
Produksie - Silwer



#trotsJF



KULTUUR

DRAMA

TIENERTONEEL

Allegretto Toneelfeesuitslae:

Blindelings

Beligtingsoperateur: Wiehan du Plessis - Goud

Klankoperateur: Hanro Snyman - Goud

Verhoogbestuurder: Nicole van Schalkwyk - Goud

Verhooghulp: Duane van der Walt, Anné Roos & Corlé Roos - Goud

Tegniese aspekte: Goud

Ensemble: Goud

Spel: Rizé Bierman - Goud

Spel: Joané de Beer - Silwer

Spel: Chrizel van Wyk - Silwer



#trotsTF



KULTUUR

DRAMA

TIENERTONEEL

Montagu Jeugtoneelfees 2026

Blindelings

Produksie: Brons

Regisseur: Stella Nortier– Brons

Kostuums: Stella Nortier en
Danielle Nortier - Brons

Verhoogontwerp: Stella Nortier – Dubbelgoud

Tegniese aspekte: Dubbelgoud

Ensemble: Silwer

Spel:

Joané de Beer: Silwer

Rizé Bierman: Silwer

Chrizel van Wyk: Brons



#trotsJF



KULTUUR

DRAMA

TIENERTONEEL

ATKV-Tienertoneeluitslae:

Blindelings

JF het op 15 Augustus aan die ATKV-tienertoneel streeksfinaal in Bloemfontein deelgeneem.



#trotsJF



KULTUUR

DRAMA

TIENERTONEEL

Allegretto Toneelfeesuitslae:

Blindelings

Beligtingsoperateur: Wiehan du Plessis - Goud

Klankoperateur: Hanro Snyman - Goud

Verhoogbestuurder: Nicole van Schalkwyk - Goud

Verhooghulp: Duane van der Walt, Anné Roos & Corlé Roos - Goud

Tegniese aspekte: Goud

Ensemble: Goud

Spel: Rizé Bierman - Goud

Spel: Joané de Beer - Silwer

Spel: Chrizel van Wyk - Silwer



#trotsTF



KULTUUR

DRAMA

TIENERTONEEL

ATKV-Tienertoneeluitslae:

Blindelings

Nominasies tydens die ATKV-Tienertoneel Bloemfontein-streeksfees:



Hanro Snyman word
genomineer vir beste
Klankoperator.

Wiehan du Plessis word
genomineer vir beste
Beligtingsoperator.

Blindelings word
genomineer vir beste
hantering van tegniese
aspekte.

Nicole van Schalkwyk wen beste verhoogbestuurder.



*Baie geluk
me. Stella Nortier
en
me. Monique Booth
met 'n uitstekende
produksie seisoen.*





KULTUUR

DRAMA

TIENERTONEEL

Montagu Jeugtoneelfees 2026

Kunsmatig

Produksie: Silwer

Regisseur: Monique Booth – Brons

Dramaturg: Monique Booth en Anke Meyer-Auld – Brons

Kostuums: Monique Booth – Dubbelgoud

Verhoogontwerp: Monique Booth – Silwer

Klank: Charisma Hauptfleisch – Silwer

Beligting: JP Crous – Silwer

Tegniese aspekte: Goud

Ensemble: Silwer

Spel:

Mischa Goosen – Brons

Elanelle Strydom – Silwer

Ansje Bekker – Goud

Gé Coetzee – Goud

Adelle Froneman – Goud

Horst Weyers – Silwer

Minette Wessels – Brons

Shiloh Smith – Brons

Liné Fourie – Brons



#trotsJF



KULTUUR

DRAMA

TIENERTONEEL

Allegretto Toneelfeesuitslae:

Kunsmatig

Produksie: Silwer

Regie: Monique Booth - Brons

Tegniese aspekte: Goud

Kostuumontwerp: Monique Booth - Goud

Grimering: Monique Booth - Silwer

Dekor: Monique Booth - Silwer

Klankontwerp: Monique Booth - Goud

Beligtingsontwerp: Monique Booth & JD Joubert - Silwer

Beligtingsoperateur: JP Crous - Goud

Klankoperateur: Charisma Hauptfleisch - Goud

Verhoogbestuurder: Miené Spies - Goud

Verhooghulp: Shiloh Smith, JD Joubert, Charlotte Gibbons & Liné Fourie - Goud

Ensemble: Silwer

Spel: Ansje Bekker - Silwer

Spel: Gé Coetzee - Silwer

Spel: Adelle Froneman - Brons



#trotsTF



KULTUUR

DRAMA

TIENERTONEEL

Allegretto Toneelfeesuitslae:

Blindelings

Produksie: Goud

Regie: Stella Nortier - Goud

Poster: Goud

Kostuumontwerp: Danielle & Stella Nortier - Silwer

Grimering: Stella Nortier - Brons

Dekor: Stella Nortier - Goud

Beligtingsontwerp: Stella Nortier - Goud

Klankontwerp: Stella Nortier & Hanro Snyman -
Silwer



#trotsTF



JF TENNIS 2026

Nitslae

JF se meisiespan eindig 5de in die Marilie Moolman Tennistoernooi

Poel wedstryde

JF wen La Rochelle
JF verloor Cradock
JF wen Collegiate
JF verloor Menlo

Uitspele

JF wen Upington
JF wen Uitnodigingspan



JF se seunspan eindig 9de in die Marilie Moolman Tennistoernooi

Poel wedstryde

JF verloor Upington
JF verloor Marlow
JF verloor Paarl Boys 1
JF verloor Grey High

Uitspele

JF wen Uitnodigingspan



#trotsJF



Hoërskool
Jim Fouché



**JF / JP BOTHA
ATLETIEKBYEENKOMS**



17 Oktober 2026



Oester

Die storie agter die stories



Volg ons op



JF VIER KULTUUR



Skrywer:
Corlé Roos

Dis nie net 'n baltie wat op jou blazer blink nie. Dis redenaarstoesprake wat in Desemberavansies geskryf word; Voortrekkerkampe vol stof en veldwerk; Landsdiensnaweke, laataand-kunswedstryde en urelange toneel- en sangoefeninge op die stowwerige verhoogvloer, terwyl daar agter die skerms woes op tweerigtingradio's gepraat word om klank en ligte net reg te stel. Tussen die geroesemoes deur is daar kameras wat flits en stories wat geskryf word, en iewers mag jy dalk net jou gesig in 'n Oester-berig sien. Flink vlieg juffrou Malan deur die lys. Die Voortrekkers is eerste aan die beurt met 'n indrukwekkende optog van fakkels en blou onderbaadjies waarop talle kentekens pryk. Daarna word die Graad 12 toptienleerders aangekondig, met skitterblink glimlagte en selfs beter punte, gevolg deur die kunsleerders, wie se harde werk altyd so stylvol op elke Opedag uitgestal word. Die ATKV-leerders, by wie jy iewers al 'n melkertjie gekry het of 'n deur sien versier het, en dan vir die

ekstroverte – die debatteerders en redenaars, en ja, hulle begin al in Desember hulle toesprake skryf!

Ons eie seerowerskip vol talente: Bellissima. Ure se harde werk in die sangklas, wat, soos ons almal al gesien het, sorg vir 'n asemrowende vertoning. Landsdiensleerders wat liefde kweek vir arbeid en diensbaarheid, hulle medemens en hulle Skepper.

Die Oester: Wat jy nie weet nie, skryf óns neer, en wat jy nie sien nie, neem óns af. Tienertoneel: Beide toneelstukke met hul uitmuntende prestasies, pas terug van Montagu en reeds weer klaar opgetree in die Wynand Mouton-teater. Die Kunste-akademie, propvol drama, musiek en dans.

En laastens, maar beslis nie die minste nie – die tegniese span. Die primêre rede waarom ons kultuursaal so vlot verloop.

Tel dus daardie kitaar op, gaan vir die oudisie of probeer om die skool se temperamentale saalprojektor te verstaan. Probeer om voor mense te leer praat of help met 'n ATKV-projek, want as daar één ding is wat kultuur jou leer, is dit om braaf te wees, al is jy bang.

NUUT

Meer as 'n skool, dit is 'n leefwyse

Kombers

BESTEL & BETAAL OP KARRI
130 X 150 CM



R390

JF-GHOLFDAG

Die jaarlikse JF-gholfdag vind op 22 September 2026 plaas. Indien u of u besigheid bereid is om 'n prys te skenk sal ons dit opreg waardeer.

Voorbeelde van pryse sluit in:

- Geskenkbewyse
- Waterbottels/ pette
- Geskenkmandjies
- Sport- of leefstylitems
- Elektroniese items (powerbanks, oorfone, luidsprekers)



Enige prys, produk, diens of geskenkbewys, ongeag die waarde, sal met groot dank ontvang word.

Indien u 'n skenking wil maak, kontak asseblief vir Merice Erasmus of stuur dit saam met u kind skool toe.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.



Merice - 063 202 6387



bemarking@jf.co.za



**Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG**

22 September '26

BLOEMFONTEIN GHOLFKLUB
Merice - 063 202 6387 bemarking@jf.co.za

Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode

Vir inskrywings volg die QR-kode of kontak Merice - 063 202 6387



STONE'S
Wheel & Tyre

R 500 per persoon R2000 per 4-bal span

AVIS | CAR SALES
BLOEMFONTEIN
051 409 9732
Aviscarsales.co.za

STONEY'S

Wheel & Tyre

At Stoney's Wheel and Tyre we stock a wide selection of wheels and tyres to cater for your every possible need.

WE OFFER THE BEST PRICES ON LEADING BRANDS.



TYRES



MAGS



SHOCKS



BRAKEPADS



EXCELLENT
IN-HOUSE SAVINGS PLAN

DRIVE IN. DRIVE OUT.
QUALITY YOU CAN TRUST!

📍 118 OLIVER TAMBO DRIVE

☎️ **051 448 7400**

📍 55 ZASTRON STREET

☎️ **051 001 1048**

Hoërskool *Jim Fouché*



AVIS

CAR SALES

BLOEMFONTEIN

051 409 9732

Aviscarsales.co.za

R 500
per persoon

R2000
per 4-bal span

Bespreek u 4-bal by
Merice Erasmus - 063 202 6387

GHOLFDAG

22 SEPT '26

BLOEMFONTEIN GHOLFBAAN

STONEY'S
Wheel & Tyre

YOUR NEXT **DRIVE** STARTS HERE.



Whether you're heading to the golf course or wherever the road takes you, find a quality pre-owned vehicle you can trust at **Avis Car Sales Bloemfontein.**



QUALITY
VEHICLES



TRUSTED BY
GENERATIONS



PEACE OF MIND
GUARANTEED



SERVICE YOU CAN
COUNT ON



051 409 9731



www.aviscarsales.co.za

QUALITY. **VALUE.
CONFIDENCE.**